Sondag 6 Desember

Skrifgedeelte: Psalm 13:1-6 (AFR2020)

Fokusgedeelte: Psalm 13:6

## God se troue liefde is die bron van ons vreugde

Dikwels is ons tevrede met God se voorsienigheid, maar ons ongelukkigheid word sigbaar in die tyd waarvolgens God werk. Ons sien iets hiervan in die uitroep waarmee Psalm 13 begin. Vier keer word die retoriese vraag herhaal. Hierdie vraag is 'n uitroep vanuit 'n gebroke hart wat oorweldig is deur lyding, stilte en verwerping. Maar dit is nie met hierdie uitroep waarmee die psalm eindig nie. Inteendeel, die psalm eindig met 'n kosbare belydenis van vertroue en vreugde in God se getroue liefde. Hier word die kosbare oorgang vir ons duidelik gemaak – van klaaglied na belydenis. Deur oorgang is net moontlik juis omdat God getrou is aan sy verbondsliefde. Hy ruk die mens vanuit die put van verlorenheid tot by vertroue op die verlossing wat gesetel is in God.

In die eerste twee verse sien ons hoe Dawid sy emosies uitstort. Hy voel of God sy rug op hom gedraai het. Die lyding is geestelik en emosioneel. Hy voel geestelik uitgeput, asof sy vyande hom so oorweldig dat hy nie kan staande bly nie. Dikwels het ons ook hierdie donker nagte, tye waar dit voel of alles skeefloop. Juis in hierdie tye moet ons egter altyd onthou dat ons vertrou nie geanker is in ons emosies nie, maar in God. Emosies wissel en verander, maar God verander nie. God is altyd getrou. Hierdie kosbare geloofswaarheid is die anker vir ons gebede. Gebed is nie 'n ontkenning van ons emosies nie. Gebed ontken nie die uitdagings en swaarkry wat ons beleef nie. Gebed is die wonderlike kanaal waardeur ons met God kan praat ondanks die uitdagings waarbinne ons onsself bevind. Daarom moet ons ook in die tye wanneer dit vir ons voel of God ver is, steeds volhard in gebed. Dit is juis in gebed waar ons ons vertroue volkome op God stel sodat die wolk van onsekerheid kan verdwyn en ons weer die lig in God kan vind.

Die psalm eindig met 'n kragtige belydenis: "*... op u troue liefde vertrou ek.*" Niks van Dawid se omstandighede het verander nie. Sy vyande het nie skielik verdwyn nie, maar sy persepsie het verander. Sy oë is gerig op die getroue liefde wat God sonder ophou of uitsondering bewys aan elkeen wat op Hom vertrou.

Psalm 13 wys vir ons die worsteling van elke gelowige, maar daarmee saam ook die voorreg wat elke gelowige het om selfs in die donkerste omstandighede die lig van die Here te kan sien. Dit wankel nie in ons omstandighede nie. In Christus word ons vasgehou in God se getroue liefde. God se liefde is nie broos en breekbaar nie. Dit kwyn nie wanneer die duisternis nader kom nie. Wanneer ons dan soos Dawid wil uitroep, "Hoe lank nog Here?", kan en mag ons onthou dat die stilte nie beteken God is afwesig nie. Sy liefde is getrou. En deur die Gees word ons nader aan God gebring met vreugdevolle vertroue op sy verlossende genade.

*Sing: Psalm 20-1:5*

*Ds. PF (Peter) Venter (Hoëveld/Witbank)*